

VAN STAMVERWANTE BODEM

In die maandblad *Antwerpen*, uitgegee deur die Diens vir Toerisme (Suikerrui 19, Antwerpen), is 'n gedeelte van die inhoud van jg. 17, nr. 3, gewy aan die terugkeer van 'n tweetal sketse van P. P. Rubens, t.w. „De roof van de Sabijnse Maagden” en „De verzoening van de Romeinen en de Sabijnen”, na die Scheldestad (1971). Tot 1829 was hierdie sketse in Brussel aanwesig om daarna meer as 140 jaar in Engelse besit te kom. Hulle is in 1970 op 'n Londense vendusie (Sotheby) aangebied en, nadat 'n uitvoervergunning verkry is, na Antwerpen oorgebring. Kleurafdrukke van die twee sketse luister die bydrae „Voorstelling van Rubens-sketesen in het Osterrieth-huis” op. Lesenswaardig is veral die tekste van twee toesprake, onderskeidelik gehou deur konservator Frans Baudouin (Antwerpen) en prof. dr. Michael Jaffe (Cambridge).

Vlaams of Nederlands? In verband met die gebruik van die begrippe „Vlaams” en „Nederlands” het die Belgiese Minister van die Nederlandse Kultuur, dr. F. Van Mechelen, op 'n vraag van 'n Belgiese parlementslid o.m. soos volg geantwoord: „Omtrent die naam van die taal die in die noordelike helft van België gesproken wordt, bestaat voor niemand twijfel. De term Nederlands is ook ambtelijk en is trouwens aan geen enkele vorm van wetenskapelike discussie nog onderhevig. De termen Vlaams en zelfs Nederduits begrijpelijk in die kontekst van die 19de eeuw, worden door niemand nog te goeder trouw ter aanduiding van onze taal gebezigd . . . Alleen in het Engels heeft zowel Dutch als Netherlandic van filologische zijde voorstanders”, aldus die tydskrif *Neerlandia*. (jg. 75, nr. 4, 1971).

In 1629 het die V.O.C.-skip *Batavia* skipbreuk aan die weskus van Australië gely. Muityer het ontstaan onder die oorlewendes en voldoende geskiedkundige gegewens oor hierdie voorval het beskikbaar gebly om, in 1963 en 1964, as leidrade te dien vir 'n aantal duikers en wetenskaplike navorsers om die wrak op te spoor, te ondersoek en 'n groot aantal waardevolle voorwerpe (kruike, kanonne, munstukke, hoekmeters e.d.m.) te berg. Die Australiese joernalisduiker, Hugh Edwards, het sowel die lotgevalle van die *Batavia* as die skattejag van 1963 en 1964 in eersgenoemde jaar onder die titel *Islands of Angry Ghosts* gepubliseer. In 1971 het 'n Nederlandse vertaling van hierdie boeiende en leersame werk, nou as *Eiland der Boze Geesten*, by die uitgewery *Wereldbibliotheek N.V.* (Amsterdam-Antwerpen, pp. 200) verskyn. Nie alleen is die Nederlandse vertaling vlot opgestel nie, maar hierdie publikasie vorm tewens 'n belangrike bydrae tot die verraking van ons kennis aangaande die V.O.C. en een van die menigvuldige skipbreuke by die berugte Abrolhos-eilande. Die *Batavia* het sy einde gevind by die huidige *Beacon Island*, in die 17e eeu bekend as *Batavia's Kerkhof*. Dit is te betreur dat hierdie voortrefflike studie slegs een kaart bevat. Ryklik geillustreer sou hierdie werk se waarde vir die student-navorsers nog aanmerklik groter gewees het.

In *Bijdragen en mededelingen betreffende de geschiedenis der Nederlanden* (deel 86, afl. 2, 1971) het 'n belangrike bydrae van prof. Werner Hahlweg, van Münster, oor die onderwerp „Aspekte und Probleme der Reform des niederländischen Kriegswesens unter Prinz Moritz von Oranien” (pp. 161-177) verskyn. Die skrywer verklaar o.m. dat genoemde hervormings (1590-1600) tot vandag toe deurwerk (p. 164) en lê veral nadruk op die ewewig tussen die teoretiese grondslae en die toepassing van dié beginsels in die toenmalige Nederlandse krygwese (pp. 175-177). Aan die slot van sy bydrae verklaar die skrywer: „Diese Reform gehört zu den groszen, unvergänglichen Schöpfungen des niederländischen Volkes”. Vanaf 1652 is die vrugte van hierdie hervormings in ons kryskuns gepluk en dit het tot 1795 onbelemmerd, met inagneming van plaaslike omstandighede en vereistes, wat o.m. tot die ontstaan van ons spesifieke kommandostelsel gelei het, deurgewerk.

In verband met die heropening van die afdeling Nederlandse geskiedenis in die Amsterdamse Rijksmuseum skrywe dr. J. A. Leerink o.m. in *Elsevier* (23.10.1971): „Vaderlandse geschiedenis is anders een onderwerp dat in ons land altijd op een zacht pitje staat. Begrijpelijk (hoewel niet excuseerbaar) bij een politiek en ideologisch zo verdeeld volk. Bovendien zijn allerlei van ouds geaccidenteerde gebeurtenissen door recente ontwikkelingen in een nieuw, soms dubieus licht komen te staan. De Tachtigjarige Oorlog, in die negentiende eeuw door protestantse schrijvers als Potgieter met een aureol omgeven, wekt bij het sindsdien mondig geworden katholieke volksdeel meer gemengde gevoelens . . . De nationale gevoelswaarde,

waarvan de historische afdeling van het Rijksmuseum het in hoofdaak moet hebben, is dus een gekompliceerd sentiment . . ." Die heropende afdeling beslaan 3 000 vierkant meter, is ooreenkomsdig die hedendaagse museumopvatting opgestel en bied iets aan alle belangstellendes. Na volledigheid is nie gestreve nie, maar doelbewus is van die standpunt uitgegaan om, deur middel van moderne aanduidingsvorms, die aanwesige historiese versameling aan liefhebbers bekend te stel.

In die reeks *Voorlichting over België*, 'n publikasie van die Belgiese Instituut vir Voorlichting en Dokumentasie (Brussel), het as nr. 7a die brosjure *Vlamingen en Walen in de wereld* (pp. 21) verskyn. Onder die outydse seevaarders, ontdekkingsreisigers en stigters van kolonies noem ons o.m. Pieter Goossens, ontdekker van die Andesgebergte, Simon de Cordes, Isaac en Jacques Lemaire, Willem Usse inkx, Pieter van den Broecke, Jesse de Forest en Pierre Minuit (N.York).

Die bekende Vlaamse skrywer André Demedts het in die reeks *Vlaamse Toeristische Bibliotheek* (135-136), uitgegee deur die Vlaamse Toeristen Bond (V.T.B.), St. Jakobsmarkt 45, Antwerpen, die brosjure *Het land van Streuvels* laat verskyn. Die inhoud handel oor die omgewing waarin hierdie gevierde skrywer opgegroei en gewerk het en is van 'n aantal afbeeldings voorsien. In dieselfde reeks het as nr. 131 en geskrywe deur Jan van den Broeck, *Het verdronken land van Saaftinge* (pp. 16) verskyn. Hierdie oningedekte gebied van 3 500 ha. lê aan die suidekant van die Westerschelde en het, as volg van verwaarlozing van die dyke, oorstrominge en oorlogstoestande, omstreeks 1570 die genadeslag ontvang van die natuurelemente. Driekwart van hierdie huidige natuurreservaat behoort aan die Nederlandse staat, terwyl tussen 1847 en 1969 gedeeltes ingedyk en op dié wyse beveilig is.

Nrs. 12 en 13 van die *Nachbarn*-reeks, uitgegee deur die Persafdeling van die Nederlandse ambassade, Bonn, Wes-Duitsland, staan in die teken van Albrecht Dürer se besoek aan die Nederlande (1520) en die Nederlande en Westfalen in die sestiende eeu. Kunshistorikus Sepp Schüller se studie oor eersgenoemde onderwerp is getitel *Albrecht Dürer in den Niederlanden* (pp. 37). Die skrywer lê o.m. nadruk op die beïnvloeding van die Nederlandse skilders deur Dürer, 'n onderwerp waaroor die laaste woorde nog nie gesê of geskryf is nie. Prof. W. Kohl, 'n kenner van die verlede van Westfalen, het *Die Niederlande und Westfalen im 16. Jahrhundert* (pp. 17) saamgestel en veral gebruik gemaak van die wetenskaplike resultate van resente navorsing oor hierdie ondewerp.

JAN PLOEGER.